SONDAG 15 NOVEMBER 2009

30STE LAAN

Lukas 15:11-31

Uitnodiging na 'n Vreugdefees.

AGTERGROND

Die gelykenis van die verlore seun is waarskynlik een van die meer bekende, indien nie die mees bekende gelykenis. Gelykenisse was stories wat Jesus vertel het om mense sekere waarhede oor God te leer. Jesus vertel gelykenis van die verlore seun sodat ons die Vaderhart van God beter kan verstaan.

Die Fariseërs en skrifgeleerdes het Jesus kwalik geneem omdat Hy met die Tollenaars en sondaars sosialiseer en selfs saam met hulle eet. Die rede waarom die Fariseërs hierdie opmerking maak, is omdat hulle mense was wat die wet met groot sorg bestudeer het en baie moeite gedoen het om alles wat in die wet staan te gehoorsaam. Onder andere was hulle daarvan oortuig dat hulle nie met tollenaars en sondaars mag meng nie, omdat tollenaars en sondaars onrein is en kontak met hulle sou hulle ook onrein maak.

In antwoord op hulle klagtes, vertel Jesus hierdie reeks van drie gelykenisse: Die gelykenis van die verlore skaap, die verlore muntsuk en dan die verlore seun.

In al drie die gelykenisse word dit wat weg was weer gevind. Wanneer die muntstuk en die skaap gekry word, is daar elke keer hierdie uitnodiging: *"Wees saam met my bly, want ek het my ... gekry."* (Lukas 15:6b en 9b) – 'n uitnodiging na 'n fees toe.

En na die uitnodging, hierdie opmerking: *"Net so sal daar in die hemel ook blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie.."* (Lukas 15:7 en 9)

Ek dink almal van ons ken die gelykenis van die verlore seun baie goed. Die jongste seun het sy erfporsie gevat en na 'n ver land toe gegaan en daar het hy alles wat hy geërf het uitgemors, totdat daar niks meer oor was nie. Op die ou end pas hy varke op om aan die lewe te bly en daar by die varke kom hy tot sy sinne. Hy besef dat die bediendes in sy Pa se huis beter leef as wat hy nou leef en toe hy dit besef, besluit hy om terug te gaan na sy pa se huis toe, bereid om soos een van die bediendes te leef.

REMBRANDT VAN RIJN

Rembrandt van Rijn was een van die grootste kunstenaars in die geskiedenis. Hy het in die sewentiende eeu na Christus gelewe. Een van die mees besondere van sy skildery, is die een oor die verlore seun wat bekend staan as: “The Return of the Prodigal Son”.

Rembrandt het ongeveer twee jaar geneem om die skildery te voltooi. Die skildery is meer as net ‘n skildery, dit is eerder ‘n kommentaar, of selfs ‘n preek oor hoe Rembrandt die gelykenis van die verlore seun verstaan het. Elke keer wat ek na hierdie skildery kyk, sien ek iets nuuts wat ek voorheen nie gesien het nie.

Kom ek noem ‘n paar voorbeelde uit hierdie skildery wat ‘n mens kan help om die gelykenis beter te verstaan. Aan die linkerkant van die skildery is daar ‘n ligkol. Die pa en die seun is in die ligkol. Die res van die skildery is in skadu of selfs donker. Die middelpunt van die ligkol is die Pa se hande op die jongste seun wat voor die Pa kniel, die seun wat huistoe gekom het na ‘n lewe van losbandigheid in ‘n ver land. Die verslete klere en skoene en die kaal geskeerde kop, is alles aanduidings van die seun se swaarkry in die ver land.

Maar, dit is spesifiek die hande wat ‘n boodskap oordra.

Die twee hande is nie ewe groot nie, die linkerhand is die groter hand, dit lyk na ‘n man se hand. As jy mooi kyk sal jy sien dat dit lyk asof die klere onder die duim van die linkerkant ‘n voutjie het, die Pa hou die seun styf vas. Die Bybel leer ons dat God sy kinders styf vashou en dat niks ons uit sy hand sal ruk nie. Soos God die verlore seun vashou, hou hy elkeen van sy kinders ook vas.

Die regter hand is die kleiner hand. Die hand is skraler met langer vingers, heel moontlik ‘n vrou se hand. Die hand is nie op die skouer nie, maar op die rug, daar waar ‘n ma ‘n kind streel om hom/haar te sus of beter te laat voel wanneer hy seer het of swaar kry het. Die ma se hand hou nie vas nie, die ma se hand is die sagter aanraking dit streel die seer weg en bring genesing en verseker: “Ek is hier. By my is jy veilig.” God hou ons nie net vas nie, Hy troos ook; Hy streel ook; Hy bemoedig ook; Hy genees ook, Hy het ook lief.

DIE TWEE SEUNS

Al twee die seuns is in die skildery. Die jongste seun kniel voor die Pa. Die pa het ‘n rooi mantel om sy skouers het. Terwyl sy Pa die jongste seun omhels en vashou, staan die oudste seun, wat ook ‘n rooi mantel om sy skouers het, in die skadu met sy arms gevou.

In die kollig, die belangriker oomblik van die gelykenis – die verlore seun wat huistoe kom en sy Pa wat hom omhels en terug verwelkom. Maar, die oudste seun speel net so ‘n belangrike rol in hierdie hele gebeure.

Waar was die oudste seun terwyl die jongste in die ver land losbandig gelewe het?

“Kyk al die jare werk ek soos ‘n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek ‘n opdrag verontagsaam nie...” (Lukas 15:29)

Terwyl die jongste seun in ‘n ver land losbandig gelewe het, was die oudste seun in die Pa se huis. Hy het hard gewerk, hy sê hy het soos ‘n slaaf gewerk. Hy het alles gedoen wat sy pa van hom verwag het.

Hoor jy die beskrywing van die Fariseërs? Nooit ’n opdrag verontagsaam nie.

Waar is die oudste seun wanneer sy jongste broer huistoe kom?

“Sy oudste seun was nog in die veld.” (Lukas 15:25)

Dit is tog belangrik dat ons raaksien dat die oudste seun ook weg was en ook huistoe kom. Hy was in die nie by die huis nie, in die veld, getrou, gehoorsaam. Maar, toe hy uit die veld uit huistoe kom, kry hy ‘n baie groot verassing.

“Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy die musiek en die singery.” (Lukas 15:25)

Hier gebeur iets waarvan hy nie geweet het nie, ‘n partytjie waarvan niemand hom gesê het nie en waarvan hy die rede nie geken het nie.

“Hy roep toe een van die bediendes nader en vra hom wat aan die gang is.” (Lukas 15:26)

Die niksvermoedende bediende kom toe nader en antwoord: *“U broer het gekom, en u Pa het die vertgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond teruggekry het.”* (Lukas 15:27)

Die oudste seun se reaksie op die slaaf se opmerking begin wys wat al hierdie jare regtig in sy hart aan die gang is. Kyk weer na die skildery, die oudste seun is in die skadu, hy is nie deel van dit wat hier gebeur nie. Hy staan onbetrokke op ‘n afstand. Hy kyk, maar hy neem nie deel nie. Wanneer die oudste seun reageer, dan verstaan ‘n mens hoekom Rembrandt hom in die skadu skilder.

“Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie.” (Lukas 15:28)

Soos die Fariseërs wat beswaar maak omdat Jesus met tollenaars en sondaars sosialiseer, so maak die oudste seun beswaar oor sy pa wat met oor die wegloop kind wat losbandig gelewe het en al sy geld uitgemors het fees vier. Skielik is alles wat oor hierdie laaste paar aar gebeur het vergete en word fees gevier. Hierdie is ‘n diep hartseer in hierdie gebeure. Die bediende, die een wat minder as die seun is, verstaan die pa se vreugde. Die oudste seun kan dit nie verstaan nie, en dit maak hom kwaad.

Hy verstaan nie hoe sy Pa se hart werk nie. Terwyl sy pa oorstelp is van vreugde en sondermeer ‘n feesmaal reël, is die oudste seun woedend kwaad en begin die kloof wat daar oor al hierdie jare tussen die oudste seun en sy Pa opgebou is, wys.

Altwee seuns was op sy eie manier weg van die Pa se huis af. Daar was ‘n kloof tussen die Pa en die jongste seun, maar daar was net so ‘n groot kloof tussen die Pa en die oudste seun. Hier is twee verlore seuns, nie net een nie. Die een was fisies ver weg, die ander een was emosioneel ver weg.

Die een se sonde was ooglopend – losbandigheid; die ander een se sonde was minder ooglopend – woede, bitterheid, verwyt, haat, jaloesie.

Die een wat mens sou dink sy Pa ken en verstaan hoe hy dink en wat hom gelukkig maak. Die een wat 'n mens sou dink behoort te weet hoe sy pa se hart werk.

Hy word woedend kwaad, so kwaad dat hy buite bly staan en weier om in die huis in te gaan.

Toe sy Pa hoor dat die oudste seun daar is, gaan die Pa uit om mooi met hom te praat.

"Sy Pa gaan toe uit en praat mooi met hom;" (Lukas 15:28)

Die Pa hanteer altwee die seuns presies dieselfde. Elke keer is dit die Pa wat die kloof oorsteek na sy seun toe. Wanneer hy die jongste seun van ver af sien aankom, hardloop Hy hom tegemoet. Wanneer Hy hoor dat die oudste seun buite staan, maar nie wil inkom nie, verlaat Hy die partytjie en gaan praat mooi met die oudste seun.

Die Pa wil nie net sy een seun saam met Hom aan die tafel by die feesmaal hê nie, Hy wil altwee daar hê. Hy wil nie hê net die een seun moet genesing en liefde en vergifnis beleef nie, Hy wil hê altwee moet dit beleef. Hy wil nie net die een seun styf vashou nie, hy wil altwee styf vashou. Hy wil nie net die een seun troos nie, Hy wil altwee troos. Hy het altwee die seuns lief. Hulle is altwee deel van dieselfde familie en dieselfde huisgesin.

Woedend kwaad, so vol opstand dat hy weier om die huis in te gaan, so vol selfsug dat Hy nie omgee dat sy optrede en sy woorde sy Pa dalk kan seer maak nie. Selfs wanneer sy Pa uitkom om mooi met hom te praat, verwyt hy woedende sy pa.

"Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek dit saam met my vriende kan geniet nie." (Lukas 15:29b)

"Ek is die een wat die vertgemaakte kalf en die feesmaal moes kry. Ek het deur al hierdie jare hierdie dinge verdien."

Die seun se gehoorsaamheid was voorwaardelik, hy het die hele tyd gewag dat sy Pa sy gehoorsaamheid raaksien en hom daarvoor beloon. Hier is die punt waar die Fariseërs die belangrikste gebod mis. Jy moet God liefhê, meer as enige iets anders. Die rede waarom jy God gehoorsaam moet wees omdat jy God liefhet en sodat jy kan groei in jou liefde vir God. Gehoorsaamheid sonder voorwaardes, dit is tog die beginsel van die grootste gebod.

Maar nie die oudste seun nie. Hy is woedend, opstandig, selfsugtig, moedswillig, vol verwyt en jaloers ook.

"Maar nou dat hierdie seun van Pa wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag." (Lukas 15:30)

Bitterheid: *"Pa se seun..."* en nie my broer nie. ((Lukas 15:30) Onversoenbaar met sy Pa, onversoenbaar met sy broer. Hy het nie meer 'n broer nie, sy Pa het dalk nog 'n seun, maar hy het nie nog 'n broer nie.

Die Pa se antwoord: *"Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het is ook joune."* (Lukas 15:31) Die Pa gebruik die Griekse woordjie "tekna" wat eintlik "kindjie" beteken. Die Pa praat mooi, met teerheid en sagtheid en liefde in sy woorde en in sy stem. Sy pa wys hom op sy liefde. *"Alles wat Ek het is joune."* My kindjie, jy het reeds alles wat ek moontlik vir jou kan gee. Vergifnis is joune; versoening is joune; genesing is joune. Hierdie jongste broer van jou het niks wat jy nie ook het nie. Al hierdie dinge het net so vanselfsprekend geraak, dat jy dit nie eers meer agterkom nie. EK het lankal vir jou alles gegee wat ek nou vir jou jonger broer ook gee.

Die skildery verwoord die einde van die gelykenis. Terwyl sy Pa en sy jonger broer versoen, staan die ouer broer in die skadu. Hy kyk toe, maar hy neem nie deel nie. Die kloof tussen hom en sy pa is nog steeds daar. Die kloof tusen die jonger broer en sy Pa is oorbrug en hy is so naby aan sy Pa as wat hy moontlik kan kom.

Jesus vertel hierdie gelykenis in reaksie op die Fariseërs se opmerking. Maar wag nou, moenie te skerp oor die Fariseërs oordeel nie. Lees weer die ander twee gelykenisse. Wanneer die verlore skaap en die verlore muntstuk gevind word, sê die herder en die vrou: *"Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer eerder as nege en negentig mense wat nie die bekering nodig het nie."* (Lukas 15:7)

Die Fariseërs het al hierdie jare naby aan God geleef, maar hulle het nooit regtig verstaan wat dit is wat God gelukkig maak nie. Hulle het die verstaan dat God fees vier vir elke sondaar wat tot bekering kom nie. Jesus kuier saam met die wat bekering nodig het, nie saam met die wat nie bekering nodig het nie.

Waar pas ek en jy in hierdie prentjie?

Is ek en jy soos die jongste seun?

Daar was 'n tyd toe ek meer soos die jongste seun was, maar intussen het ek opgestaan en huistoe gekom. Ek vermoed daar is ook die van julle wat soos ek opgestaan het en huistoe gekom het.

Maar, somtyds voel ek meer soos die oudste seun. Ek leef al so lank naby aan my Vader dat ek vergeet het dat Hy fees gaan vier oor elke sondaar wat tot bekering kom. Dit is mos lekker om te hoor dat die Vader 'n partytjie reël as ek as verlore seun huistoe kom, maar as 'n ander verlore seun huistoe kom, wel... Ek het al begin dink dat ek wat nie bekering nodig het nie, belangriker is as die een wat tot bekering kom, dat ek wat al die jare in die huis saam met my Vader gelewe het, soms met voorwaardes gehoorsaam en gedien het. Ek kan nie verstaan dat iemand meer kry as wat ek kry nie.

Wanneer die jongste seun huistoe kom, gaan haal die Pa hom daar ver en Hy reël 'n feesmaal. Wanneer die oudste seun huistoe kom, gaan die Pa daar buite na Hom toe en nooi hom: Kom deel in my vreugde.

Die Vader het nie vir my meer lief as vir jou nie. Die Vader het jou wel op ‘n ander manier lief as wat Hy my het, maar hy het jou nie minder lief nie. Die Vader sal jou daar ver gaan haal as dit nodig is, of Hy sal jou buite gaan haal as dit nodig is. As Hy jou daar ver gaan haal, sal Hy ‘n partytjie reël, as Hy jou buite moet gaan kry, sal Hy jou na die partytjie toe nooi.

God is nie die streng Pa wat by die huis sit en wag dat die seun eerste toenadering soek en vergifnis vra en eers wys dat hy werklik berou het en regtig nie van plan is om weer te sondig nie voordat Hy reageer nie. Die Pa neem elke keer die inisiatief. Net die geringste teken dat jy wil huistoe kom is vir Hom genoeg om op te staan en jou te gaan haal waar jy ookal is.

Daar is ‘n partytjie aan die gang, kom jy?